

## Sondag 15 Januarie

**Skrifgedeelte: Johannes 1:19-29**

**Fokusgedeelte: Johannes 1:29a**

### “Daar is die Lam van God ...”

Johannes die Doper is die oorgangsfiguur vanaf die Ou na die Nuwe Testament. Hy kondig die nuwe tyd só kragtig aan dat ’n kerklike kommissie hom kom ondervra. Hy sê hy is die reguitmaker van die pad van Jesus (vs 23) – sodat Hy sy aard en bediening kan openbaar (vs 14, 16, 17, 18). Daarom sê Jesus van Johannes daar was niemand groter as hy gebore nie (Matt. 11:11), maar Johannes sê hy is minder as ’n slaaf van Jesus (vs 27): hy moet minder word en Jesus meer (Joh. 3:30).

Jesus vra om deur Johannes gedoop te word, maar hy weier, want sy doop was ’n doop van bekering – totdat Jesus verduidelik dat Hy so aan God se eis van geregtigheid moet voldoen (Matt. 3:13-17). Daardie nag worstel Johannes om te verstaan wat Jesus bedoel, maar die volgende dag toe hy Hom sien, kondig hy triomfantelik aan: “Daar is die Lam van God ...!” ’n Lig het vir hom opgegaan: al die lammers wat elke dag deur die eeue as sondeoffers geslag is, kon nooit die ongeregtigheid van Israel wegneem nie – ondanks hulle onskuld en al die vereistes waaraan hulle moes voldoen, was offerlam-mers bloot simbole van die mens se skuld en onvermoë om aan die eise van God se geregtigheid te voldoen.

Nou besef Johannes Wie Jesus werklik is: die offerlam wat God self uitgekies het. Hy voldoen aan al die eise van God se geregtigheid! Net Hy kan verlore sondaars met die heilige God versoen. Niks anders kan nie.

God weet dit – en elke sondaar wat die Lam van God aanvaar as die offer vir sy/haar sondes, kan dit ook weet! Wat ’n genade om die nuwe jaar met dié sekerheid te begin!

*Sing: Skrifberyming 5-2:4, 5*

*Ds. DC (Chris) Coetsee (Emeritus)*